Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2018

GESKIEDENIS V2
NASIENRIGLYN

PUNTE: **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1 (V1)	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme.	**30% (15)**
VLAK 2 (V2)	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne.	**50% (25)**
VLAK 3 (V3)	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings.	**20% (10)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Paragraafvraag
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ + _____ + _____
_____ + _____ + _____
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3 Globale assessering van ’n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ’n relevante slotopmerking (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
  |
  |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I √

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ’n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ’n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

(c) Ken ’n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}30–33
A	VLAK 5	

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig.	VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolg-trekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 4 Argument beplan en gestruk-tureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruk-tureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolg-trekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	VLAK 1 Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	39–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant	38–39	36–37	34–35	33–34	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud						14–17	0–13

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE WAS AFRIKANER-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA GEVESTIG TUSSEN 1910 EN 1948?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1]*
- Hulle het al hoe meer Engels gepraat
- Hulle het meer geangliseerd geword (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1]*
- Hulle was desperaat bekommerd oor die oorlewing van Afrikanerdom. (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A –V2]*
- Hulle het hulself as 'n uitverkore volk gesien met hul eie taal, godsdiens en kultuur.
- Hulle was haatdraend teenoor die Engelse vir dit wat tydens die Suid Afrikaanse oorlog gebeur het
- Hulle wou hul eie taal, kultuur en godsdiens bewaar
- Engels het gedreig om Hollands as die taal van onderrig te vervang
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A –V2]*
- Afrikaans het 'n amptelike taal in 1925 geword
- Afrikaans het Hollands as amptelike taal vervang
- Afrikaners het die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging gestig
- Afrikaners het die Taalmonument opgerig
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1B – V1]*
- Dat die staat meer moes doen om wit oppergesag te handhaaf
- Dat die staat moet meer doen om die suiwerheid van die wit ras te handhaaf (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B –V2]*
- Boere en sakemanne wou onbelemmerde toegang tot Swart-arbeid hê, terwyl Afrikaner werkers groter beskerming teen swart kompetisie wou hê
- Boere en sakemanne het swartes aanvaar maar wou hê dat die regering swart arbeid streng moes beheer terwyl Afrikaners werkers 'n algehele skeiding van swartes wou hê
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B –V2]*

- Hulle wou nie met swartes meeding vir dieselfde werk nie
- Hulle was deel van die uitverkore volk en moes beskerm word teen swart kompetisie
- Om die Arm blanke probleem af te skaf wat na die Groot Depressie bestaan het.
- Afrikaner werkers het geglo dat hulle meerderwaardig was as Swartes
- Om Afrikaner werkloosheid te voorkom want swartarbeid was gewoonlik goedkoper as blankearbeid.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B –V2]*

- Dit verwys na die algehele skeiding van rasse gebasseer op kleur
- Dit verwys na die beleid van Apartheid
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C – V1]*

- Reddingsdaadbond (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Definisie van historiese konsepte vanuit Bron 1C – V1]*

- Die werwing en koördinasie van Afrikaner geld na Afrikaner finansiële instellings
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse vabuit Bron 1C – V1]*

- Afrikaners om hul spaar- en surpluskapitaal met Afrikaanse finansiële instellings te belê
- Om polisse met Afrikaanse versekeringsmaatskappye uit te neem
- Om hul huise deur middel van Afrikaanse bouverenigings te bou
- Om hul inkopies by Afrikaanse winkels te doen (4 x 1) (4)

1.3.4 *[Werk met bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal – V3]*

Bruikbaar

- Dit wys dat die Afrikaners nie in die rykdom van die ekonomie gedeel het nie
- Dit wys dat die ekonomie deur ’n paar finansiële-reuse oorheers was wat deur die Britte besit was
- Dit wys dat die Afrikaners in die ekonomie van Suid-Afrika wou deel
- Die Reddingsdaadbond het die basis vir die ontwikkeling van volkskapitalisme gevorm
- Dit wys hoe die Afrikaner hul geld saamgebring en gekoördineer het deur Afrikaner finansiële instellings
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.4 1.4.1 *[Definisie van historiese konsepte vanuit Bron 1D – V1]*

- Dit was 'n geheime organisasie wat die Afrikaner identiteit en nasionalisme beskerm en bevorder het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1D –V2]*

- Broederbond het Afrikaner kultuur bevorder.
- Broederbond het Afrikaner besighede bevorder.
- Broederbond het Afrikaner belange bevorder.
- Broederbond se doelwit was om die Suid-Afrikaanse regering oor te neem.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1D –V2]*

Suksesvol

- Broederbond het die rassebeleid van die Nasionale Party ondersteun.
- Broederbondlede het die lidmaatskap van die Nasionale Party oorheers.
- Elke eerste minister en staatspresident van Suid-Afrika tussen 1948 en 1994 was 'n lid van die Broederbond.
- Lei Afrikaners tot 'n groter aandeel in die ekonomie.
- Lei tot die ontstaan van suksesvolle Afrikaner finansiële instellings soos Volkskas Bank en Sanlam.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit al die bronne –V3]*

Kandidate moet van die volgende insluit:

- Afrikaners was haatdraend teenoor Engelse en wou nie geangliseerd word nie (Bron 1A).
- Afrikaners wou hul nasionalisme behou deur hul taal te beskerm, behou (Bron 1A).
- Afrikaners gekant teen Engelssprekende wittes as gevolg van hul verhouding met Brittanje.
- Afrikaners het hul taal geformaliseer (Bron 1A).
- Afrikaans aanvaar as 'n amptelike taal in 1925 (Bron 1A).
- Afrikaners wou kompetisie van swart arbeid hê (Bron 1B).
- Afrikaners wou hul oppergesag en suiwerheid beskerm (Bron 1B).
- Afrikaners wou 'n algehele afskeiding van swartes hê (Bron1B).
- Afrikaner nasionalisme het na werksreservering gelei.
- Afrikaners het hul geld saamgegooi en gekoördineer deur Afrikaner finansiële instellings (Bron1C).
- Reddingsdaadbond was instrumenteel in die ontwikkeling van volkskapitalisme (Bron1C)
- Afrikaner nasionalisme was deur besigheid bevorder (Bron 1C).
- Broederbond gestig om Afrikaner nasionalisme en belange te bevorder (Bron 1D).

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

- Broederbond gemik daarop om beheer van die Suid-Afrikaanse regering te neem.
- Broederbond het die rassebeleid van die Nasionale Party ondersteun.
- Broederbondlede het die lidmaatskap van die Nasionale Party oorheers.
- Elke eerster minister en staatspresident van Suid-Afrika tussen 1948 en 1994 was ʼn lid van die Broederbond.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op ʼn elementêre wyse, bv**. toon min of geen begrip van hoe Afrikaner-nasionalisme tussen 1910 en 1948 in Suid-Afrika gevestig is**. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag gee nie.	**Punte: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou tot `n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon ʼn begrip van hoe Afrikaner-nasionalisme tussen 1910 en 1948 in Suid-Afrika gevestig is**. • Gebruik bewyse op ʼn baie basiese wyse.	**Punte: 3–4**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ʼn deeglike begrip van hoe Afrikaner-nasionalisme tussen 1910 en 1948 in Suid-Afrika gevestig is**. • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon.	**Punte: 5–6**

(6)
[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT DIE SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Verenigde Nasies (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Israel het voortgegaan om sy gewapende magte op te bou deur voorrade uit Brittanje, Frankryk, die VSA en Wes-Duitsland te koop.
- Die Arabiese state is deur die USSR voorsien. (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Nasser het die Golf van Aqaba gesluit.
- Nasser het die hawe van Eilat geblokkeer.
- Daar was troepbewegings naby Israel se grens. (3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*
- Israel se begeerte om hul eie tuisland te hê.
- Konflik oor die land.
- Arabiere het nie die staat van Israel erken nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*
NIE-SUKSESVOL
- Grensskermutselings voortgesit.
- Al Fatah en PLO was 'n konstante probleem vir die Israeliese magte.
- Arabiere het nie die staat van Israel erken nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) *(4)*

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Israel
- Egipte / Arabiese state (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Israel (1 x 1) (1)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Wesbank
- Golan Heights
- Sinai (3 x 1) (3)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2]*
- Israeli's het beter wapens gehad.
- Israeli's het eerste aangeval.
- Israeli's het die Arabiese vliegvelde vernietig.
- Israel het vir hul oorlewing as 'n nasie geveg.
- Israel se beplanning van die aanval was noukeurig.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*
- Hulle is deur die Israeliese soldate verslaan.
- Hulle is as gevangenes aangehou, om toekomstige teenaanvalle te verminder.
- Enige ander *relevante antwoord.* (Enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Vergelyking van bewyse om ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Bron 2B noem dat Israel die Arabiese state aangeval het terwyl Bron 2D Israeliese soldate uitbeeld wat offensief is.
- Bron 2B noem dat die Egiptenare oor die Sinai-woestyn verdryf is terwyl Bron 2D die verslane Egiptiese soldate in die Sinai uitbeeld.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D – V1]*
- Resolusie 242 (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Israel kon die gebiede wat hy beset het, beheer en administreer.
- Israel is nie veroordeel vir hul besetting van die verowerde gebiede nie.
- Resolusie het Israel se bestaan in die Midde-Ooste erken.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Die Arabiere het nie die aanvanklike grense van die Joodse staat erken nie.
- Arabiere het gevoel dat die hele Palestina aan die Arabiere behoort het.
- Jode het gevoel dat hulle die reg gehad het om in Palestina te woon.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Honderde duisende Palestynse Arabiere het vlugtelinge geword.
- Sonder ’n oplossing vir die vlugtelingeprobleem sou daar nooit vrede wees nie.
- Israel moet die vlugtelinge toelaat om na hul huise terug te keer.
- Daar sal geen vrede in die Midde-Ooste wees nie, tensy Israel nie die vlugtelingeprobleem oplos nie.
- Sonder ’n oplossing vir die vlugtelingeprobleem sal daar ’n toename in guerrilla-aktiwiteite van die PLO en Al Fatah wees.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4.5 *[Werk met bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal Bron 2D– V3]*

Nuttig

- Dit toon dat die VN daarin geslaag het om 'n wapenstilstand te bereik
- Israeli's het die resolusie ondersteun omdat dit die Arabiese state versoek het om Israel se reg te aanvaar 'om in vrede binne veilige en erkende grense te lewe.'
- Die Arabiese state het Resolusie 242 aanvaar as gevolg van die klousule waarin Israel gevra word om te onttrek uit die gebiede wat in 1967 verower is.
- Dit het die basis gelê vir diplomatieke pogings om die krisis op te los.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit bronne – V3]*

Kandidate moet van die volgende insluit:

- Grensskermutstelings onderliggende oorsake van spanning van Sesdaagse Oorlog (Bron 2A).
- Sluiting van die Golf van Aqaba en die blokkade van Eilat-hawe het spanning in die Midde-Ooste verhoog (Bron 2A).
- Israel het besluit om eerste aan te val om die opperhef te kry (Bron 2B).
- Israel het blitsaanvalle tydens die oorlog gebruik (Bron 2B).
- Uiteindelik het Israel die Wes-oewer en Golan-Hoogtes (Bron 2B) verower.
- Die wapenstilstand is gebruik om die oorlog te stop (Bron 2B).
- Israeliese soldate het die verslaande Egiptiese soldate in gevange geneem (Bron 2C).
- Hulle het hul hande in nederlaag opgehou (Bron 2C).
- VN Resolusie 242 het grondslag gelê vir die vredesproses (Bron 2D).
- Resolusie 242 bied beide Israel en Arabiere 'n regverdige vrede ooreenkoms (Bron 2D).
- Resolusie 242 het ten doel om vlugtelingeprobleem op te los (Bron 2D).
- Enige ander relevante antwoord.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot spanning in die Midde-Ooste bygedra het nie**. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie verslag oor onderwerp gee nie.	**Punte: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n begrip van hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot spanning in die Midde-Ooste bygedra het.** • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier.	**Punte: 3–4**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 bygedra het tot spanning in die Midde-Ooste.** • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**Punte: 5–6**

(6)
[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: HOE HET DIE BANTOE-ONDERWYSWET VAN 1953 DIE LEWENS VAN SWART STUDENTE IN SUID-AFRIKA IN DIE 1950's VERANDER?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3A – V1]*
- Hendrik Verwoerd (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3A – V1]*
- Om beheer oor Afrika-onderwys van die provinsies na sy eie departement te verwyder en oor dra.
- Vermindering van staatshulp aan die sendingskole.
- Hy het verantwoordelikheid aanvaar vir die indiensneming en opleiding van Afrika-onderwysers. (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*
- Hy het nie gehou van die invloede wat die sendingskole oor swart onderwys gehad het nie.
- Hy wou swartes 'n opvoeding gee wat vooraf bepaal is deur die ekonomiese behoeftes van blanke mense.
- Hy wou hulle 'n opvoeding gee wat in die blanke behoeftes sou dien.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*
- Die skool moet die swartes opvoed volgens die behoeftes van die witman se ekonomie.
- Swart onderwys was gerig op die uitvoer van handarbeid.
- Die ekonomiese lewe van die swartes is deur blankes bepaal, daarom moet die onderwys die swartes dienooreenkomstig voorberei.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*
- Sendingskole (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3B – V1]*
- Nelson Mandela
- Oliver Tambo (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B – V2]*
- Sendingskole is nie deur die regering beheer nie.
- Sendingskole het liberale waardes geleer.
- Sendingskolde het Engels as onderrigtaal gebruik.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*
- Wet op Bantoe-Onderwys (1 x 2) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.2.5 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 3B – V2]*
- Verwoerd het geglo Swartes was minderwaardig teenoor blankes
- Swart onderwys is aangepas om swartes voor te berei vir slawerny of ongeskoolde werk.
- SA ekonomie was gegrond op mynbou wat baie ongeskoolde Swart arbeid benodig het.
- Swart leerplan indoktrineer Swartes om in wit oppergesag te glo.
- Die blankes het die inhoud van die sillabus beheer. Daarom is geen kritiese denke aangemoedig nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*
- Dit het voorsiening gemaak vir die vestiging van ’n reeks nuwe etnies-gebaseerde instellings vir Swartes met afsonderlike universiteite vir Kleurlinge en Indiërs. (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*
- Potchefstroom
- Pretoria
- Oranje-Vrystaat
- Stellenbosch (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3C – V2]*
- Hulle wou nie rassevermenging in tersiêre opleiding hê nie.
- Om Swart tersiêre opleiding onder direkte staatsbeheer te plaas.
- Dit was ’n uitbreiding van die Apartheidsbeleid.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3C – V2]*
- Swartes is by hierdie universiteite aanvaar, maar sou nie sport vir die universiteit speel nie.
- Swartes is by hierdie universiteite aanvaar, maar sou nie aan multikulturele-aktiwiteite van die universiteite deelneem nie.
- Dit het beteken dat swartes net daar kon studeer, maar nie sport sou speel nie en nie aan enige samelewings/klubs behoort nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D – V2]*
- Oorvol klasse
- Min hulpbronne – geen lessenaars en stoele nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.4.2 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 3D – V3]*

- Bruikbaar want dit toon hoe Bantoe-onderwys swartes vir serwituut/ slawerny voorberei het.
- Bruikbaar want dit toon hoe Bantoe-onderwys ʼn konstante aanbod van goedkoop swart arbeid aan plase / fabrieke verseker het
- Bruikbaar want dit wys dat die doel was om swartes onopgevoed te hou.
- Bruikbaar want dit toon hoe Bantoe-onderwys swartes onopgevoed gehou het om te verseker dat hulle nie vir geskoolde werk kwalifiseer nie.
- Bruikbaar aangesien dit die paar hulpbronne en geld wat vir swart onderwys opsy gesit is, uitwys.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit bronne – V3]*

Kandidate moet van die volgende insluit:

- Verwoerd het besluit om swart onderwys onder staatsbeheer te bring (Bron 3A).
- Bantoe-onderwyswet het swart onderwys uit provinsies verwyder en onder staatsbeheer geplaas (Bron 3A).
- Opleiding van Swart onderwysers wat deur die staat oorgeneem is (Bron 3A).
- Swart-Onderwys bepaal deur ekonomiese vooruitsigte van blankes (Bron 3A).
- Sendingskole onder staatsbeheer geplaas (Bron 3B).
- Sendingskole het liberale waardes geleer (Bron 3B).
- Uitbreiding van Universiteitswet het afsonderlike universiteite vir mense van kleur geskep (Bron 3C).
- Uitbreiding van die Universiteitswet maak dit ʼn kriminele oortreding vir ʼn swart persoon om by ʼn blanke universiteit sonder toestemming van die minister te registreer (Bron 3C).
- Swartes is verbied om sport te speel en om aan sosiale klubs te behoort by oop universiteite (Bron 3C).
- Swart skole was oorvol (Bron 3D).
- Swart skole was swak befonds en het min hulpbronne gehad (Bron 3D).
- Swartes het ʼn swak minderwaardige onderwys ontvang (Bron 3D).
- Bantoe-onderwys het swartes vir serwituut voorberei.
- Enige ander relevante antwoord.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Wet op Bantoe-Onderwys van 1953 die lewens van swart studente in Suid-Afrika in die 1950's verander het**. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie verslag oor die onderwerp nie.	**Punte: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n begrip van hoe die Wet op Bantoe Onderwys van 1953 die lewens van swart studente in Suid-Afrika in die 1950's verander het**. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier.	**Punte: 3–4**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Wet op Bantoe Onderwys van 1953 die lewens van swart studente in Suid-Afrika in die 1950's verander het**. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**Punte: 4–6**

(6)
[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]

SINOPSIS
Kandidate moet fokus op die verskillende faktore wat gelei het tot die opkoms van Afrika-nasionalisme vanaf 1900 tot 1953.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die gebeurtenis wat gelei het tot die ontwaking van Afrika-nasionalisme en die impak daarvan op die regering bespreek.

UITBREIDING
- Agtergrond: Begin as ŉ vorm van weerstand teen segregasie
- **Vorming van die APO** in 1902 deur dr. Abdurrahman
- Protesteer teen die uitsluiting van swartes vir die reg om te stem
- Delegasie na Londen in 1905 om ŉ nie-rassige konsessie te bewerkstellig en diskriminasie te beëindig asook om swartes stemreg te gee – Brittanje ignoreer hierdie versoek
- **Vorming van die SANNC** in 1912 om diskriminasie te weerstaan en politieke regte te wen
- SANNC wou almal verenig wat deur Blankes onderdruk was
- SANNC het afgevaardigdes na Londen gestuur in 1914 om teen die Naturelle Grondwet van 1913 te appelleer maar was nie suksesvol nie.
- In 1923 het die SANNC sy naam na die ANC verander
- **Vorming van die ICU** in 1919 wat die griewe van die swart dokwerkers aanspreek – veg teen die regering se beleid
- ICU het massa-ondersteuning gehad – ANC het die ondersteuning van die elite-swartes gehad
- **Vorming van die SAKP** wat swart werkers se griewe aanspreek.
- Verspreiding van onderwys (gekombineer met toenemende bewustheid van 'Westerse' konsepte van vryheid, demokrasie, middelklas Swartes wat gretig is om politieke verandering teweeg te bring)
- **Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog** – geveg vir vryheid en demokrasie / Swartes het gehelp om die einde van diskriminasie na die oorlog te sien
- **Die terugkerende Afrika-soldate het ontevrede geword** – hulle het klere en ŉ fiets as finansiële ondersteuning gekry in vergelyking met blankes wat geld en subsidies gekry het.
- Die **Atlantiese Handves** ondersteun selfbeskikking
- **Afrika-eise** – dokument wat die universele stemreg, billike verspreiding van grond en ŉ einde aan diskriminasie in die werkplek vereis het
- Jong lede het weggebreek van die ANC om die **Kongres Jeugliga** (**Lembede en Mandela**) te vorm.
- CYL het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig het en nie die massas nie
- In 1953 het die ANC **Vryheidshandves** saamgestel vir ŉ demokratiese SA ongeag ras – SA behoort aan almal wat daarin woon
- Pan-Afrika-doelwit was om swart mense regoor die wêreld te bevry. Die invloed daarvan het tot die vorming van die ANCYL gelei.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

SLOT

Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante slot wat betrekking het op die faktore wat Afrika-nasionalisme aangewakker het.

Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer. **[50]**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie.

HOOFASPEKTE
Die impak van die Tweede Wêreldoorlog vorm die basis vir hierdie opstel. Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul beredeneringslyn verdedig aan die hand van die volgende historiese bewyse.

UITBREIDING

- 65 000 Swartes van die Goudkus het aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem
- Hulle is geleer dat hulle veg vir 'demokrasie'
- Baie Swartes het bevraagteken hoekom hulle nie dieselfde voordele van bevryding en demokrasie gehad het nie
- Toe hulle by die huis kom, het hulle begin om die toestande van koloniale heerskappy te weerstaan
- Gedurende die oorlog het baie Swartes na die stede gegaan – lei tot die vorming van stedelike werkersklas wat oop was vir nuwe politieke idees
- Mense het krities geraak oor die koloniale heerskappy ná die Tweede Wêreldoorlog
- Tweede Wêreldoorlog het swartes gewys dat wit oppergesag suksesvol uitgedaag kan word
- Baie soldate het in die stryd om onafhanklikheid vooraanstaande rolle begin speel
- Rol gespeel deur WEB Du Bois, Marcus Garvey en George Padmore in die verspreiding van Pan Afrika idees
- Pan Afrika doelwit was om Afrika vry te stel van koloniale en buitelandse heerskappy
- 1945 Pan Afrika konferensie in Engeland – dring aan op die einde van kolonialisme
- 1945 Pan-Afrika konferensie in Engeland – ondersteun stakings en boikotte om onafhanklikheid te verkry
- Elite het 'n sosialistiese interpretasie aan hul idees oor nasionalisme geheg
- Baie terugkerende soldate het gesukkel om werk te vind – het 'n hoofrol in die stryd om onafhanklikheid gespeel
- Die Atlantiese Handves het demokrasie belowe – het hoop gegee aan Afrika-onafhanklikheids aspirasies
- Die Verenigde Nasies het druk op koloniale magte geplaas om kolonialisme aan te spreek en om Afrika vir onafhanklikheid voor te berei
- Tweede Wêreldoorlog verswak die koloniale magte wat dit vir hulle moeilik gemaak het om hul ryke te behou.
- Inflasie het na die oorlog toegeneem – baie Swartes was ontevrede met hul ekonomiese situasie – blameer koloniale bestuur – en begin om nasionalistiese bewegings te ondersteun
- Na die Manchester konferensie het die nasionalistiese idees meer militant geword om Ghana te bevry
- Brittanje het beperkte verantwoordelikheid aan die elite gegee

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

- Gelei tot die vorming van die UGCC – Nkrumah-aktiewe rol in die organisasie van boikotte teen die Britse bewindt
- Nkrumah het weggebreek van gematigde UGCC om die Convention Peoples Party (CPP) te vorm
- Nkrumah was ʼn toegewyde ondersteuner van die idee van Pan-Afrikanisme
- CPP het massa-ondersteuning gehad en het ʼn beleid van Afrika-sosialisme aangeneem
- CPP het industriële ontwikkeling, werk, gratis onderwys en gesondheidsorg vir almal beloof
- CPP organiseer stakings en boikotte – Brittanje het beperkte magte van selfregering aan Ghana gegee
- CPP het hul stryd voortgesit en die 1957 verkiesing gewen
- Nkrumah het president van die Goue Kus geword en het dit Ghana genoem
- Enige ander relevante antwoord.

AFSLUITING
Ghana het die eerste land in Afrika geword om onafhanklikheid te verkry.

Gebruik die matriks op bladsy 6 om die opstel te assesseer. **[50]**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA 1940's tot 1960's

[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]

SINOPSIS
Kandidate moet argumenteer dat hierdie stelling inderdaad akkuraat is, want na hierdie voorval het geweld toegeneem en dit het die regering gedwing om beide die ANC en die PAC te verbied. Albei hierdie partye het nou besluit om hul vreedsame protesaksies prys te gee en dit met die gewapende stryd te vervang – weerstand deur militêre middele.

UITBREIDING
- Die **Sharpeville-bloedbad** en die nasleep daarvan.
- **Regering se noodtoestand**
- Die Wet op Onwettige Organisasie verban beide die ANC en die PAC
- ANC en PAC het besluit om ondergronds te bedryf
- Hulle het besluit op 'n strategie wat die **gewapende stryd** genoem was
- **ANC stig MK** – loods sabotasieveldtog
- **MK** het guerrilla-oorlogvoering voorberei en het staatsinstallasies geteiken om die regering in onderhandelings met die ANC te dwing
- MK het teikens vermy wat bloedvergieting sou veroorsaak
- **PAC** het sy eie gewapende vleuel genaamd **Poqo** geloods
- **Poqo** – wou 'n massa opstand onder swartmense tot stand bring
- **Poqo** – vermoor hoofde en stamhoofde wat saam met die regering gewerk het
- **Beide Poqo en MK was bereid om sabotasie en geweld te gebruik om die regering omver te werp**
- Poqo se plan was deur die regering ontbloot – 300 Poqolede is in hegtenis geneem en gevange geneem
- ANC-operasies ontdek by Rivonia – Operasie Mayibuye-dokument wat planne vir guerrilla-oorlogvoering en gewelddadige rewolusie bevat
- Leierskap van die ANC, insluitende Mandela, is skuldig bevind aan en gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf.

SLOT
Die regering se pogings om opposisie te verpletter, was suksesvol, maar die verset teen apartheid het nie opgehou nie.

Gebruik die matriks op bladsy 6 om die opstel te assesseer. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore